

BOEKBESPREKING

G. P. van Itterzon en D. Nauta (red.), **Geschiedenis van de Kerk**, J. H. Kok, N.V., Kampen 1963. Nege deeltjies.

In sy nou reeds bekende **Boeketreeks**, slaphandboekies, het die Uitgewersmaatskappy Kok 'n omvattende geskiedenis van die Kerk onder die redaksie van twee bekende Nederlandse kerkhistorici Van Itterzon en Nauta uitgegee. Dat hierdie reeks van nege deeltjies aan 'n onmiddellike behoefte voldoen het, word bewys deur die feit dat in 1963 reeds 'n tweede, hersiene druk van hierdie reeks nodig was. Hierdie reeks wat meer bedoel is vir die algemene leser as die teologiese vakman, word behartig deur 'n reeks van Nederlandse teoloë en voldoen aan die verwagting wat daaraan gestel kan word. So omvat Deel I van die reeks die geskiedenis van die oudste christelike kerk van die hand van prof J. L. Koole en die geskiedenis van die oudste katolieke kerk van die hand van dr. N. J. Hommes. So word in elke deeltjie periodes uit die geskiedenis van die kerk sistematies en opeenvolgend behandel. Volgens die nuwere patroon van kerkgeskiedskrywing word die dogmengeskiedenis as 'n integrale deel van die kerkgeskiedenis behandel sodat die leser die leerstellige ontwikkeling in die kerk saam met die geskiedenis van die kerk saamgevat en eersgenoemde daardeur ook belig word. Hierdie uitgawe is seker een van die goedkoopste uitgawes van 'n omvattende kerkgeskiedenis wat daar tans op die mark is en aangesien dit in maklik-verstaanbare Nederlands geskrywe is, behoort dit ook by ons 'n gereedlike afset te vind.

— A. D. Pont.

J. N. Bakhuizen van den Brink, **Protestantse Pleidooien uit de Zestiende Eeuw**, J. H. Kok N.V., Kampen 1962. Twee deeltjies.

Ook in die **Boeketreeks** het twee handige en uiters bruikbare bronne-uitgawes verskyn wat dokumente uit die tyd van die sestiende eeuse kerkhervorming in vertaalde vorm beskikbaar stel. Prof Bakhuizen van den Brink het aan elke hoofstuk 'n kort inleiding laat voorafgaan sodat die tydsomstandighede van elke dokument netjies belig is.

Die eerste deeltjie handel hoofsaaklik oor die Kerkhervorming in Duitsland en bevat twee hoofstukke oor Luther, een oor Bucer, twee oor die Lutheranisme in Duitsland, een oor Melancton en word afgesluit met 'n hoofstuk oor Zwingli.

Die tweede deeltjie handel oor die calvinistiese dokumente en soos te verwagte was, word die hoofaandag gevestig op Johannes Calvyn en die Franse kerk terwyl 'n enkele hoofstuk oor Skotland en 'n tweetal hoofstukke oor Nederland die werkie afsluit.

Hierdie twee deeltjies is van besondere waarde omdat dit 'n aantal dokumente wat van groot belang is by die bestudering van die geskiedenis van die kerkhervorming nou in 'n vertaalde en maklik bekombare uitgawe beskikbaar stel. Vir teologiese studente sal hierdie twee boekies beslis meer as bruikbaar wees terwyl die gewone leser hier die geleentheid kry om dokumente uit die sestende eeu te lees en so met die saak self in aanraking te kom.

A. D. Pont.

A. G. Weiler, O. J. de Jong, L. J. Rogier, C. W. Mönnich, **Geschiedenis van de Kerk in Nederland**, Het Spectrum Utrecht-Antwerpen 1962.

In die **Aula-Boeken**, die slaphandboekies van die uitgewery Het Spectrum het 'n viertal Nederlandse kerkhistorici getrag om 'n samevattende kerkgeskiedenis van Nederland te skrywe. Dit is dus 'n kerkgeskiedenis wat sowel die protestantse as die roomse kerkgeskiedenis in één deeltjie saamvat.

Die boekie val uiteen in vyf hoofafdelings wat die volgende titels dra: De kerk in de Middeleeuwen; De kerken der Hervorming van 1517 tot 1813; De Katholieke Kerk van 1559 tot 1795; Der Kerken der Hervorming sinds 1813, De katholieke Kerk sinds 1813; De Katholieke Kerk sinds 1795.

Vanweë die feit dat roomse en protestantse skrywers hier elk afsonderlike dele behandel, bly dit tog nog so dat die verbande nie altyd ewe duidelik is nie en uit die beskrywing van die geskiedenis van die Nederlandse kerk in die Middeleeue is dit nie duidelik waarom die Kerkhervorming, wat in die opvolgende deel behandel word, so magtig in Nederland baan kon breek nie. Maar dit was miskien te wagte gewees in so 'n samestelling en daarmee moet maar verlies geneem word. Dit is egter 'n hoogs lesenswaardige boekie en hoewel dit nie uitvoering is nie, sal dit wel 'n nuttige boek blyk te wees veral omdat daar op die oomblik nie 'n omvattende Nederlandse kerkgeskiedenis is een hand bestaan nie.

Hubert Jedin, Hrsg., **Handbuch der Kirchengeschichte**, Herder-Verlag Freiburg, Basel, Wien 1963, Bd. I : **Von der Urgemeinde zu frühchristlichen Groszkirche**, von Karl Baus. 498 S. Prys ongeveer R10.

'n Monumentale kerkgeskiedenis van Roomse kant word op die oomblik uitgegee deur Herder-Verlag onder redaksie van die bekende roomse kerkhistorikus Hubert Jedin. Die bedoeling is om in ses bande, wat elkeen ongeveer 'n 500 bladsye sal beslaan, die geskiedenis van die kerk te be-

handel. Met die eerste band kan nou 'n voorsmaak gekry word van wat met hierdie reeks beoog word.

In hierdie eerste band kry ons allereers 'n besondere bruikbare **Inleiding in die kerkgeskiedenis** van die hand van die hoofredakteur self en daarna word oorgegaan tot die behandeling deur Karl Baus van die eerste groot historiese tydvak van die christelike kerk. Die deeglikheid en die omvattende aard van die werk word onmiddelik duidelik as die inhoudsopgawe nageslaan word, die uitvoerige bibliografie bestudeer word terwyl 'n puik register die hele werk afsluit. Hoewel, en dit kon mens ook nie anders verwag het nie, die geskiedenis van die kerk heeltemaal vanuit die Roomse hoek geskrywe word, word hier ook afgesien van die vroeëre gebruik om die formele geskiedenis, dogmengeskiedenis, liturgiese geskiedenis edm. afsonderlik te behandel. Dit word alles saamgevat en sodoende kan mens op enige tydstip 'n geheelbeeld kry van die kerk en sy lewe in die oudheid. Op vele plekke sal mens nie met die skrywer se spesifiek-roomse visie kan saamgaan ni, tog bly hierdi euitgawe van die grootste belang.

Vanweë die koste aan hierdie uitgawe verbonde sal die afset van hierdie werk by ons miskien nie so groot wees nie, maar diegene wat die boek gebruik sal seer sekerlik die vrugte daarvan pluk.

A. D. Pont.

Alfons Heilmann (Hrsg.), **Texte der Kirchenväter. Eine Auswahl nach Themen geordnet**, Kösel-Verlag, München 1963. Erster Band, 663 S. Prys ongeveer R5 per deel.

Onder die leiding van Heilmann en die medewerking van Heinrich Kraft word hier in 'n uitgebreide reeks uitsprake van verskillende Kerkvaders oor 'n wydverspreide reeks onderwerpe in vertaalde vorm beskikbaar gestel.

In die eerste band is uitsprake saamgevat oor die temas : Von Gott; Von der Schöpfung, Von Menschen; Von der Versuchung ,der Sünde und vom Bösen. Dat hiermee 'n besondere diens bewys word aan diegene wat nie die hele reeks geskrifte van die kerkvaders deurentyds beskikbaar het nie of vir diegene wat haastiglik 'n bepaalde opvatting wil nagaan, spreek vanself. Vanweë die feit dat dit 'n roomse uitgawe is, sal daar natuurlik uitsprake van kerkvaders wees wat ons as protestante graag beklemtoon en opgeneem sou wou gesien het. Dit neem egter nie weg dat hierdie uitgawe 'n besonder handige **vademecum** is vir elkeen wat nie te tuis is in die geskrifte van die kerkvaders nie en wat daar tog belangstelling voor het.

A. D. Pont